

'n Nota op die aanwending van “tradisies” in die Suid-Afrikaanse struktuuranalitiese eksegeese van die Ou Testament

C J S Lombaard

ABSTRACT

In this article it is argued that the way in which the term tradition is used in the South African structural analysis of the Old Testament is in fact not true to the meaning this term had for G von Rad. This is because the identification of traditions is not followed up with historically relating the occurrences of a tradition to one another. The South African structural analysis cannot therefore rightly claim to add a diachronical dimension to its immanent approach by using traditions in this way.

1 INLEIDEND

Die struktuuranalitiese lees van die Ou Testament in Suid-Afrika plaas die klem op die *Endgestalt* van die teks. In 'n poging om tog 'n dimensie van die historiese ontwikkeling van die teks by te trek, word gebruik gemaak van die konsep tradisies. Die vraag is eger of die struktuuranalise in die aanwending van hierdie konsep tóg daarin slaag om so 'n historiese dimensie by te haal.

2 “TRADISIE” BY VON RAD EN IN STRUKTUURANALISE

Die betekenisinhoud van die term “tradisies” soos wat dit hier aangewend word, wil trou wees aan die inhoud wat Von Rad¹ daaraan geheg het². Dit is naamlik die insig dat “Israel zu allen Zeiten damit beschäftigt war, seine Geschichte von bestimmten Eingriffen Gottes her zu verstehen und... diese Setzungen Gottes jeder Zeit wieder anders darstellten”³, 'n insig wat neerslag gevind het in die klassieke tradisie-historiese eksegeese, soos wat dit vir die afgelope meer as 'n halfeeuw wêreldwyd sterk inslag gevind het⁴, ook binne Suid-Afrikaanse konteks. Laasgenoemde blyk onder andere uit die feit dat Von Rad se Teologie⁵ reeds lank hier te lande aan studente voorgeskryf word.

'n Vraag wat eger aan die aanwending van hierdie tradisies in die Suid-Afrikaanse struktuuranalitiese eksegeese⁶ van die Ou Testament gestel kan word, is of dit inderdaad getrou bly aan die volle inhoud van die term

“tradisie” soos wat dit by Von Rad en sy navolgers⁷ na vore kom. Hierdie is ook ’n vraag wat gevra moet word, gesien die groot invloed wat die teksimmanente eksegeese (met sy kenmerkende aandrag op die waarde van die *Endgestalt* van die teks), veral in die vorm van die struktuuranalise van die Ou Testament, in Suid-Afrika uitoefen⁸.

Die struktuuranalitiese lees van die Ou Testament val gewoonlik uiteen in die sogenaamde “stappe” of “fasette” van eksegeese⁹. Hiervan is daar verskillende variasies¹⁰, elk waarvan ’n eiesoortige neerslag is van die aanleidende gedagtes van W S Vorster¹¹ en J A Loader¹². Hoewel die mees invloedryke variasie van die struktuuranalise¹³ dié van W S Prinsloo is, is daar steeds sterk ooreenkomste tussen die verskillende variasies. Een van hierdie ooreenkomste¹⁴ is die klem wat daarop geplaas word dat die bekende tradisies van die Ou Testament binne die betrokke teksgedeelte geïdentifiseer moet word¹⁵.

Die rede vir hierdie identifisering van die tradisies word dikwels aangegee as dat dit “’n eksegeet daarvan (weerhou) om a-histories te werk by die eksegeese van ’n perikoop”¹⁶. Ontwikkelinge in Israel se denke soos wat dit neerslag vind in die herinterpretasie van die verlede en die groei van die tekste van die Ou Testament bly dus van belang. Die struktuuranalise wil nie totaal afsydig staan teenoor hierdie historiese dimensies van die teks nie; steeds bly die “historiese aspekte... baie belangrik”¹⁷. Spesiale aandag word veral gegee aan die “funksie van tradisies in ’n perikoop”¹⁸, en sodoende word dan gepoog om die betekenis van die perikoop enersyds, die tradisies binne die perikoop andersyds, asook die interverhouding wat daar tussen hierdie twee gegewens bestaan, vas te stel. Daarmee word die rol wat tradisies vir die eksegeese speel, in die struktuur-analitiese praktyk as afgehandel beskou.

In feite is egter daarmee nog geen historiese eksegeese gepleeg nie; geen historiese komponent is nog aan die struktuuranalise toegevoeg nie¹⁹. Wat sover gedoen is in hierdie tipe benadering, is bloot die aanvoorwerk, die voorbereidende teksarbeid vir ’n tradisie-historiese lees van die Ou Testament.

Die tradisie-historiese eksegeese behels twee “stappe”²⁰. Eerstens word die verskillende teksgedeeltes waarin ’n bepaalde tradisie voorkom, geïdentifiseer en geëksegetiseer. Die datering en *Sitz im Leben* speel hierin ’n groot rol²¹. Hierdie tipiese faset van die vormkritiese lees van die Ou Testament was egter nie vir Von Rad bevredigend nie²²: ná hierdie eerste fase van die eksegetiese proses, volg daar daarom ’n tweede, waarin die interrelasies van die verskillende geïdentifiseerde tekste aan die orde gestel word.

Hierdie tweede fase van die tradisie-historiese lees van die Ou Testament behels dat die veranderinge wat in die aanwending van die betrokke tradisie(s) ingetree het, soos wat dit in die Ou Testament neerslag vind, nagegetrek word²³. 'n Lyn van die oudste voorkoms van 'n tradisie word dus getrek tot by die jongste voorkoms daarvan²⁴, en die herinterpretasies wat algaande plaasgevind het, word op hierdie wyse deur die eksegeet nagespoor. Von Rad stel dit soos volg: "Wir versuchen... (eine) Traditionsballung von innen, d.h. an ihren ältesten Teilen zu erfassen und gehen dann von da den Weg entsprechend dem traditionsgeschichtlichen Wachstumsprozeß nach rückwärts und vorwärts"²⁵.

Albei hierdie fases is nodig: dat die betrokke tradisie in sy verskillende voorkomste opgespoor en bestudeer word²⁶, én dat die veranderde aanwendings daarvan oor tyd heen nagespoor word. Sonder beide hierdie dimensies kan daar van werklik tradisie-historiese eksegeses nie sprake wees nie. Sonder beide die opspoor én die naspoor van die betrokke tradisie, kan daar in die struktuuranalise dus ook nie van 'n ware tradisie-historiese dimensie "wat daartoe kan bydra om die teks beter te verstaan"²⁷, sprake wees nie. Die struktuuranalise kan nie deur middel van hierdie werkwyse aanspraak maak daarop om verryk te word deur 'n historiese komponent nie; dit bly steeds onverdunde teksimmanente eksegeses²⁸. Die verstaan van die teks is steeds a-histories²⁹.

Tradisie-historiese eksegeses in die ware sin van die woord, dus waar beide die "stappe" geïnkorporeer word, is nie totaal vreemd in Suid-Afrika nie; in hierdie verband kan byvoorbeeld Bosman se proefskrif³⁰, asook die benaderings van Deist³¹ en Le Roux³² gemeld word. Dit is dus nie 'n geval dan Von Rad op geen wyse tot sy reg kom binne Suid-Afrikaanse konteks nie. Dit is slegs waar die pretensie bestaan dat die tradisie-analise op genoemde wyse gekoöpteer word om 'n historiese kleur aan 'n teksimmanente benadering te gee, dat Von Rad se insigte tekort gedoen word.

Von Rad se benadering leen hom in 'n sekere sin wel daartoe om in 'n eensydig teksimmanente aanpak gebruik te word, juis omdat Von Rad aan die "Zerstückelungssystem"³³ van die eensydig *formgeschichtliche* eksegeses van sy tyd wou ontkom. Von Rad werk met die groter tekseenhede³⁴, maar dan juis omdat dit die "theologisch-traditions-geschichtliche Forschung"³⁵ is wat hom interesseer. Hierdie klem wat Von Rad plaas op die finale teks impliseer egter nooit vir hom a-historiese eksegeses nie. Von Rad gebruik die vormkritiek juis as die vertrekpunt van sy eksegeses³⁶; Von Rad se benadering is van huis uit 'n historiese benadering, met dié bydrae dat dit die verskillende interpretasies van 'n betrokke tradisie in verskillende historiese tye en situasies in verhouding tot mekaar stel. In

laasgenoemde aspek werk die tradisie-historiese eksegese met die finale teks. In spesifiek hierdie sin³⁷ is die finale teks dus nie die vertrekpunt nie, maar dit waarop die eksegese afloop. Hierin volg die eksegese dus die weg van die historiese ontwikkeling van teks en tradisie na.

Die struktuuranalise se vertrekpunt is egter teksimmanent. Daarom lees dit nie die verskillende voorkomste van 'n betrokke tradisie in hulle onderlinge historiese verhoudinge tot mekaar nie. Waar die struktuuranalise na tradisies verwys, kan dit dus geen aanspraak maak op die inkorporering van 'n historiese dimensie van die teks nie. Hoogstens funksioneer tradisies in hierdie aanwending daarvan as temas³⁸ waaraan die verstaan van die betrokke perikoop geknoop (kan) word. Om werklik 'n historiese element by die struktuuranalitiese tekslesing in te trek, sal 'n vooraf-studie, 'n tradisie-historiese studie in sy volle omvang, gedoen moet word.

3 SAMEVATTEND

Struktuuranalise fokus op die finale teks. Hierdie eksegetiese metode is in geheel gerig op 'n immanente lees van die teks, en het as sodanig 'n reuse bydrae tot die studie van die Ou Testament in Suid-Afrika gelewer. Die struktuuranalise kan egter niks anders as 'n teksimmanente benadering wees nie; dit kan nie die resultate van 'n histories-kritiese lees van die Ou Testament in sigself opneem nie. Waar die struktuuranalise dus aanspraak maak op die inkorporering van 'n historiese dimensie deur "tradisies" as een van die stappe van die eksegetiese proses in te sluit, is dit nie getrou aan wat Von Rad met tradisiehistoriese eksegese bedoel het nie. Sinkronie kan nie diakronie byhaal nie.

NOTAS:

- 1 Von Rad het nie self hierdie term ontwerp nie, hoewel veel van die popularisering daarvan waarskynlik aan sy werke te danke is. Von Rad neem die term oor van onder andere J Wellhausen - vergelyk G von Rad, "The problem of the Hexateuch", in: E W T Dicken (ed & translator), *The problem of the Hexateuch and other essays*, Edinburgh 1965, 13-14.
- 2 Hierdie inhoud kan gestel word teenoor die betekenis wat aan die term "tradisie" gegee word deur byvoorbeeld S Mowinkel, *Prophecy and tradition. The prophetic books in the light of the study of the growth and history of the tradition*, Oslo 1946, 36ev; vergelyk ook H-J Kraus, "Zur Geschichte des Überlieferungsbegriffs in der alttestamentlichen Wissenschaft", *Evangelische Theologie* 8/9 (1956), 371ev; W Zimmerli, "Prophetic proclamation and

reinterpretation”, in: D A Knight (ed), *Tradition and theology in the Old Testament*, London 1977, 94-95; R E Clements, *Prophecy and tradition*, Oxford 1978, 5; H Barth & O H Steck, *Exegese des Alten Testaments: Leitfaden der Methodik*, Neukirchen-Vluyn ⁹1980, 79ev; D A Knight, “Tradition history”, in: D N Freedman (ed). *The Anchor Bible Dictionary* Volume 6, New York 1992, 634.

- 3 G von Rad, *Theologie des Alten Testaments, Band 1: Die Theologie der geschichtlichen Überlieferungen Israels*, München 1957, 7.
- 4 Vergelyk J L Crenshaw, *Gerhard von Rad*, Texas 1978, 41; Clements, *a w*, 127; R Smend, *Deutsche Alttestamentler in drei Jahrhunderten*, Göttingen 1989, 226; Knight, *a w*, 635; G F Hasel, “Gerhard von Rad: eight century prophecy”, in: B C Ollenburger, E A Martens & G F Hasel (eds), *The flowering of Old Testament Theology. A reader in twentieth-century Old Testament Theology*, Winona Lake 1992, 120.
- 5 Veral die eerste band daarvan - Von Rad, *a w*.
- 6 Ook genoem diskoersanalise - vergelyk byvoorbeeld F E Deist, “Ope vrae aan die diskoersanalise”, *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 19/4 (1978), 260; W S Vorster, “De strukturaaliese”, in: A F J Klijn (red), *Inleiding tot de studie van het Nieuwe Testament*, Kampen 1982, 136; G T M Prinsloo, ‘n *Literêre-eksegetiese analise van die boek Habakuk* (ongepubliseerde DD-proefskrif), Pretoria 1989, 48; J A de Man, *Gen 2:4b - 3:24: 'n eksegeties-herneneutiese analise* (BD-verhandeling), Pretoria 1992, 8. Nog 'n term vir hierdie benadering is die redevoeringsanalise - vergelyk byvoorbeeld W S Prinsloo, “Die histories-kritiese metode(s) in perspektief”, *Skrif en Kerk* 9/2 (1988), 205.
- 7 Vergelyk as enkele voorbeelde, elk waarvan op eiesoortige wyse aansluit by, maar ook verskil van Von Rad, R Bach, “Bauen und Pflanzen”, in: R Rendtorff & K Koch (hrsg), *Studien zur Theologie der alttestamentlichen Überlieferungen* (Festschrift Gerhard von Rad), Neukirchen 1961, 7ev; K von Rabenau, “Das prophetischen Zukunftswort im Buch Hesekiel”, in: Rendtorff & Koch, *a w*, 61ev; H Gese, “Tradition and Biblical Theology”, in: D A Knight (ed), *Tradition and theology in the Old Testament*, London 1977, 301 ev; oor M Noth - kyk H-J Kraus, *Geschichte der historisch-kritischen Erforschung des Alten Testaments*, Neukirchen-Vluyn ³1982, 451; vergelyk ook Clements, *a w*, 70.
- 8 Vergelyk J H le Roux, *A story of two ways. Thirty years of Old Testament scholarship in South Africa* (OTE Suppl 2), Pretoria 1993, 29, veral 32-33.
- 9 Vergelyk W S Prinsloo, *Die metodiek van eksegese* (Universiteit van Pretoria Studiehandleiding BD I), Pretoria 1992, 7-8.
- 10 Vergelyk as voorbeelde die variasies in die werksywyses van W S Prinsloo, *The theology of the book of Joel* (BZAW 163), Berlin 1985, 11ev; G T M Prinsloo,

- a w*, 57ev en 272-291; J A Loader, "Gedagtes oor gekontroleerde eksegesi", *Hervormde Teologiese Studies* 34/1 (1977), 7ev; W Vosloo, *Riglyne vir die eksegesi van die boek Hosea* (Universiteit van Pretoria Studiehandleiding, BD II), Pretoria sj, 3ev.
- 11 W S Vorster, "Moderne linguistiek en Bybelnavorsing", *Theologia Evangelica* IV/2 (Junie 1971), 139-148; kyk ook Le Roux, *a w*, 27-28.
 - 12 J A Loader, *a w*, 1-40.
 - 13 Minstens binne die Ou-Testamentiese wetenskap, gemeet aan die aantal proefskrifte en BD-verhandelinge wat hierdie weergawe navolg.
 - 14 Uitsonderings bestaan wel - vergelyk byvoorbeeld G T M Prinsloo, *a w*, 57 en 272-291 se werkswyse.
 - 15 Kyk byvoorbeeld W S Prinsloo, *a w*, 1992, 21; Vosloo, *a w*, 6; Loader, *a w*, 10-11.
 - 16 S D Snyman, *Antiteses in die boek Maleagi* (ongepubliseerde DD-proefskrif), Pretoria 1985, 39; vergelyk ook byvoorbeeld Y Bester, *Weduwe en weeskind in Psalm 146: 'n eksegetiese studie* (BD-verhandeling), Pretoria 1994, 4 se opmerking dat die tradisies "die diakroniese bearbeiding van die teks" reflekteer.
 - 17 Loader, *a w*, 6.
 - 18 Snyman, *a w*, 37; vergelyk ook die titel van die proefskrif van A A da Silva, *Die funksie van die skeppingstradisie in die boek Jeremia* (ongepubliseerde DD-proefskrif), Pretoria 1985. Kyk verder byvoorbeeld De Man, *a w*, 13, Bester, *a w*, 4; A Groenewald, *'n Eksegeties-hermeneutiese studie van Psalm 16* (BD-verhandeling), Pretoria 1994, 14.
 - 19 Contra Snyman, *a w*, 39. Struktuuranalitiese eksegete is wel bewus van die tweede stap van die tradisie-historiese metode - vergelyk byvoorbeeld Loader, *a w*, 11; Snyman, *a w*, 39 en W S Prinsloo *a w*, 1992, 21,23-24. Die punt is egter dat hierdie stap van die tradisie-historiese eksegesi nie onderneem word nie.
 - 20 Vergelyk Barth & Steck, *a w*, 79ev, asook F E Deist, *A concise dictionary of theological terms*, Pretoria 1984, 175 se omskrywings van die tradisie-historiese metodiek. Hierdie "stappe" kan net sowel "dele", "fases" of "komponente" genoem word.
 - 21 Von Rad staan sterk onder Gunkel se *formgeschiedliche* invloed - vergelyk byvoorbeeld Von Rad, *a w*, 1965, 20; kyk byvoorbeeld ook F E Deist, "Die Heksateug", in: H L Bosman & J A Loader (reds), *Vertellers van die Ou Testament*, Kaapstad 1987, 24.

- 22 Vergelyk Von Rad, 1965. *a w*. 2-3.
- 23 Vergelyk byvoorbeeld Von Rad, 1965, *a w*, 33ev.
- 24 Datering van die verskillende tekste, elk met sy onderskeie *Sitz im Leben*, bly dus onontbeerlik.
- 25 Von Rad, *a w*, 1957, 306.
- 26 Hier word nie alleen op woorde wat verband hou met die tradisie gekonsentreer nie, maar ook op voorkomste van aanverwante terme, asook op aanduidings van die saak (waar die terminologie wat normaalweg met die betrokke tradisie geassosieer word, met ander woorde nie voorkom nie), soos wat onlangs weer aangedui is in H D Preuß, *Theologie des Alten Testaments, Band I: JHWHs erzählendes und verpflichtendes Handeln*, Stuttgart 1991, 31.
- 27 W S Prinsloo, *a w*, 1992, 23.
- 28 Hiervoor hoef die struktuuranalise natuurlik nie verskoning te maak nie. Dit is 'n ewe legitieme onderneming as ander eksegetiese metodes om tot 'n verstaan van 'n teks te kom. Reeds in 1978 stel F E Deist, *a w*, 260 die volgende: "Dat die diskoersanalise 'n verhelderende bydrae tot die analise van tekste lewer, hoef nie meer betwyfel te word nie". Die struktuuranalise kan egter nie voorgee om 'n werklik historiese dimensie te koop teer nie.
- 29 Vergelyk J H le Roux, "The nature of historical understanding (or: Hermeneutics and history)", *Studia Historiae Ecclesiasticae* XIX/1 (1993), 38.
- 30 H L Bosman, *Egbreuk en tradisie. 'n Historiese ondersoek van egbreukuitsprake in die Ou Testament, met besondere verwysing na die dekaloo* (ongepubliseerde DD-proefskrif), Pretoria 1983 - die eerste proefskrif wat histories geskryf is in Suid-Afrika, aldus Le Roux, *a w*, 89-90. Vergelyk ook Bosman se artikel voortvloeiend uit sy proefskrif: "Adultery, prophetic tradition and the decalogue", in: M Augustin & K-D Schunk (eds), *Wünschet Jerusalem Frieden. Collected Communications to the XIIth Congress of the International Organization for the Study of the Old Testament, Jerusalem* (Beiträge zur Erforschung des Alten Testaments und des Antiken Judentums, Band 13), Frankfurt am Main 1988, 21-30.
- 31 Kyk byvoorbeeld F E Deist & J J Burden, *'n ABC van Bybeluitleg*, Pretoria 1980, 83ev.
- 32 Kyk byvoorbeeld J H le Roux, *Uittog en Sinai: 'n uiteensetting en kritiese bespreking van Gerhard von Rad se beskouinge* (ongepubliseerde DTh-proefskrif), Pretoria 1981.

- 33 Smend, *a w*, 65.
- 34 Crenshaw, *a w*, 16; vergelyk G von Rad se 1966-voordrag, "Gerhard von Rad über sich selbst", opgeneem in O H Steck (hrsg), *Gottes wirken in Israel: Vorträge zum Alten Testament*, Neukirchen-Vluyn 1974, 322.
- 35 Kyk G von Rad se 1956-voordrag, "Antrittsrede als Mitglied der Heidelberger Akademie der Wissenschaften", opgeneem in Steck, *a w*, 319; vergelyk ook Smend, *a w*, 234 en Le Roux, *a w*, 60.
- 36 Byvoorbeeld, oor Deuteronomium 26:5ev skryf Von Rad, *a w*, 1965, 5 (kyk ook 8): "There must therefore have been a cultic occasion for the recital by the individual of this short confessional statement of God's redemptive activity". Hierdie stelling is tipies van die *formgeschichtliche* benadering. Verder is ook die wyse waarop Von Rad sy bekende credo's geïdentifiseer en geanaliseer het, niks anders as vormkritiese eksegesië nie.
- 37 Dus: om hier nie in debat te tree met die uitgangspunt van Loader, *a w*, 6 nie; vergelyk ook byvoorbeeld M J de Beer, *Psalms 38: 'n eksegetiese ondersoek* (BD-verhandeling), Pretoria 1994, 5. Wat W S Prinsloo, *a w*, 1988, 205 van die struktuuranalise sê, is dus net so van die tradisie-historiese metode ook waar, naamlik dat dit "die teks soos wat dit nou voor ons lê in die sentrum... plaas". Hierdie standpunt van my (kyk ook J H le Roux, "Biblical and modern historiography: the widest horizon". *Old Testament Essays* 3 (1990), 36) staan egter *contra* dié van De Man, *a w*, 6, wat dit in verband met die tradisie-historiese metode stel "dat die finale gestalte van die teks onderbektomtoon word en waar eerder weg van die teks af gewerk word as na die teks toe". Vir hierdie aanhaling vergelyk ook Groenewald, *a w*, 5.
- 38 Weliswaar bekende temas in die Ou Testament, maar dan steeds as temas eerder as tradisies in die volle sin van die woord.